1/14 430.E6.1.1

# VOORLOPIGE GEDAGTES OOR TOEWYSING VAN UNIVERSITEITE VOLGENS ONDERRIGTAAL

## DEMOGRAFIESE, EKONOMIESE EN ONDERWYSDATA

### 1 Inleiding

Die volgende aspekte is ter sake wanneer oorweeg word om universiteite te verdeel volgens die tale wat tans as hoofonderrigmedium gebruik word:

- Wat is die demografiese data?
- Hoe hou die geografiese verspreiding van Suid-Afrika se universiteite volgens taalgroepe verband met die demografiese data?
- Ander inligting wat nuttig kan wees vir die besluit, is die aantal potensiële toetreders tot universiteite per taalgroep, die proporsie van grade wat verwerf word en die persentasie persoonlike inkomste-belasting betaal.

### 2 Demografiese Data

Afrikaanssprekendes maak 6 526 056 van die totale bevolking van Suid-Afrika uit (14,6% van 44 704 610).[1] Lede van voorheen benadeelde groepe maak 51,7% van alle Afrikaanssprekendes uit. Afrikaanssprekendes maak 83,6% van die bruin gemeenskap uit.


Die volgende tabel toon die reële getalle van Afrikaanssprekendes in al die provinsies volgens die 1996-sensus:

| | Wes-Kaap | Gauteng | Oos-Kaap | Noord-Kaap | Vrystaat | Noord-wes | Mpuma-langa | KwaZulu-Natal | Noordelike Prov. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Afr. | 2315 067 | 1213 352 | 600 253 | 577 585 | 379 944 | 249 502 | 230 348 | 136 223 | 109 224 |

Die volgende tabel toon die persentasies van Afrikaanssprekendes in verhouding tot die ander taalgroepe in die vier provinsies waarin Afrikaanssprekendes die sterkste verteenwoordig is:

| | Wes-Kaap | Noord-Kaap | Gauteng | Vrystaat |
|---|---|---|---|---|
| Afr. | 59,2% | 69,3% | 16,7% | 14,5% |

Die volgende kaart wys dat Afrikaanssprekendes grootliks vanaf die suid-weste van die land versprei is oor die sentrale en noordelike binneland is. Die grootste konsentrasie in 'n enkele provinsie is in die Wes-Kaap (1 602 000 bo die ouderdom van sestien), gevolg deur Gauteng (1 058 000 bo die ouderdom van sestien). Ongeveer 1,5 miljoen Afrikaanssprekendes woon in die sentrale en noordwestelike geografiese strook, wat tot by die provinsie Gauteng strek.




## 3 Geografiese Verspreiding van Universiteite in Suid-Afrika

Daar is tans, in totaal 21 universiteite in Suid-Afrika. As twee instellings vir afstandonderrig buite rekening gelaat word, bly 19 residensiële universiteite oor. Die totale inskrywingstal in 2000 by die residensiële universiteite was 223 000 (sonder hierdie universiteite se afstandonderrig-komponente). Die getal Afrikaanssprekende studente aan al die residensiële universiteite word op 47 000 geraam. Dit verteenwoordig 20,6% van die totale getal residensiële studente. Unisa na berig is 20 000 Afrikaanssprekende studente vir 2001 verwag. Afrikaanssprekende studente kan dus geskat word op 67 000 uit 'n totale studentebevolking van sowat 371 000.

Van die 19 residensiële universiteite word Pretoria, Vrystaat, Stellenbosch, Potchefstroom en RAU as tradisioneel Afrikaanstalige universiteite beskou (hoewel die RHO-verslag van 1999 die UWK en UPE hierby ingesluit het). Die volgende kaart toon die geografiese verspreiding van hierdie universiteite. Afrikaanssprekende studente aan hierdie sewe Afrikaanstalige universiteite het in 2000 altesame 46 000 beloop. Dit verwring die verhouding tussen Afrikaanssprekende en nie-Afr studente. Vir die vyf Afrikaanssprekende universiteite: Vrystaat, Potchefstroom, Stellenbosch, Pretoria en RAU, was die totale getal residensiële studente 44 000 in 2000, teenoor 77 100. Die volgende tabel toon die verspreiding tussen hierdie universiteite:

| | **Afrikaanssp residensiële studente vir 2000** | **Totale getal residensiële studente vir 2000** |
|---|---:|---:|
| Stellenbosch | 11 700 | 19 500 |
| Vrystaat | 5 200 | 10 400 |
| Potchefstroom | 6 500 | 8 600 |
| Pretoria: kontak | 14 600 | 26 100 |
| RAU | 5 000 | 12 500 |
| UPE | 1 200 | 6 900 |
| UWK | 1 500 | 9 600 |
| **Totaal:** | **45 700** | **93 600** |

Aan sowel die Universiteit van Port Elizabeth as die Universiteit van Wes-Kaapland het die reële getal Afrikaanssp studente in 2000 gekrimp tot onbeduidende getalle – onderskeidelik sowat 1 200 and 1 500 – en tot 'n uiters lae persentasie van die residensiële bevolking. Hierdie gegewens behoort hulle as kandidate vir Afrikaanstalige universiteite uit te sluit.

Die universiteite van Stellenbosch en Wes-Kaapland is in die Wes-Kaap geleë, in die geografiese gebied van die grootste konsentrasie van Afrikaanssprekendes.

Die Afrikaanssprekendes in die sentrale en noordwestelike gebiede van die land (hou in gedagte dat sowat 600 000 Afrikaanssprekendes in die Oos-Kaap woon) word bedien deur die universiteite van Port Elizabeth, die Vrystaat en Potchefstroom.

Die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit is geleë in Gauteng – die provinsie met die naasgrootste konsentrasie van Afrikaanssprekendes.

## 4 Afrikaanssprekendes se Bydrae tot Onderwys

Wanneer die toewysing van universiteite aan taalgroepe oorweeg word, is die betrokkenheid van hierdie groepe in onderrig seker relevant vir so 'n besluit.

Afrikaanssprekendes is oorwegend ernstig daaroor om hul kinders in hul huistaal groot te maak. Sowat 70% van alle Afrikaanssprekendes "stem saam" of "stem ten sterkste saam" met die volgende stellings: "Ek maak my kind in Afrikaans groot" of "As ek kinders sou hê, sal ek hulle in Afrikaans grootmaak." 2


Afrikaanse huishoudings het in 2000 sowat R2,827 miljoen aan onderwys bestee, oftewel 26,6% van die totale huishoudelike besteding aan onderwys in Suid-Afrika.

Die volgende tabel bevat inligting oor SA matrikulante volgens taal en is op 1999-data gegrond:[3]


| | Matrikulante 1999 | M-slaagsyfer 1999 | M-vrystellings 1999 |
|---|---|---|---|
| TOTAAL: | 511 474 | 249 831 | 63 725[4] |
| Afrikaansspr. | 249 448 | 106 205 | 21 506 |

Volgens hierdie syfers was daar in 1999 altesame 21 506 Afrikaanssprekende matrikulante met matrikulasievrystelling.


Die volgende grafiek toon die verhouding tussen Afrikaanssprekende matrikulante met vrystelling en dié van ander taalgroepe met vrystelling (1999-sensusdata):




Byna dieselfde verhoudings geld vir alle Afrikaanssprekende gegradueerdes in verhouding tot dié van ander taalgroepe (volgens die 1996-sensus). Afrikaanssprekendes het in dus 1996 meer as 'n derde van alle gegradueerdes in SA uitgemaak. Dit bied egter nie die volle prentjie nie, omdat die aard van die vaardighede en die vlak waarop dit verwerf is, ook tersaaklik is. Die diagram onder toon dat Afrikaanssprekendes in 1999 37% van alle gegradueerdes in die wetenskappe en ingenieurswese uitgemaak het.




Wanneer gevorderde grade in oënskou geneem word, styg die Afrikaanssprekendes se aandeel in die nasionale totaal tot 42%.





Dit is opmerklik dat, sonder Afrikaanssprekendes, die getal ingenieurs en wetenskaplikes per miljoen van die Suid-Afrikaanse bevolking in 1996 1 458 sou wees, in plaas van die werklike 1 969 – 'n daling van 26%.

## 5 Ekonomiese Bydrae

Aangesien staatsuniversiteite grootliks deur bydraes van belastingbetalers gefinansier word, kan dit dalk insiggewend wees om die bydraes tot inkomstebelasting deur die onderskeie taalgroepe te oorweeg.

In 2000 het Afrikaanssprekendes R27,086 miljoen uit die totale R73,834 miljoen aan die staat se inkomste uit persoonlike inkomstebelasting bygedra. Die diagram op die volgende bladsy stel Afrikaanssprekendes se bydrae as 'n persentasie voor:




## 6 Hoeveel Afrikaanstalige Universiteite?

Verskillende kriteria kan in 'n besluit oor die aantal Afrikaanstalige universiteite toegepas word:

1. Afrikaanssprekendes in verhouding tot die totale bevolking.
2. Alle Afrikaanssprekendes wat aan universiteite opleiding ontvang in verhouding tot die totale universiteitsbevolking.
3. Afrikaanssprekendes aan residensiële universiteite in verhouding tot alle residensiële studente.
4. Die verhouding van potensieel Afrikaanssprekende studente (kandidate met matrikulasievrystelling) tot alle matrikulante.
5. Die verhouding van studente wat hul universiteitstudie suksesvol voltooi ('n eerste graad) en
6. Die verhouding van studente wat nagraadse kursusse voltooi.

Die volgende is 'n grafiese voorstelling van die uitkomste wanneer hierdie kriteria toegepas word:




| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| □ Ander | 85.4 | 82 | 79 | 66 | 66 | 58 |
| □ Afrikaans | 14.6 | 18 | 21 | 34 | 34 | 42 |

1. Volgens die kriterium "Afrikaanssprekendes in verhouding tot die totale bevolking" sou Afrikaanssprekendes daarop geregtig wees om 2,7 Afrikaanse universiteite uit die 19 residensiële universiteite te hê.
2. Volgens die kriterium "alle Afrikaanssprekende studente in verhouding tot die totale universiteitsbevolking" sou Afrikaanssprekendes daarop geregtig wees om 3,4 Afrikaanse universiteite uit die 19 residensiële universiteite te hê.
3. Volgens die kriterium "Afrikaanssprekende studente aan residensiële universiteite in verhouding tot alle residensiële studente" sou Afrikaanssprekendes daarop geregtig wees om 3,9 Afrikaanse universiteite uit die 19 residensiële universiteite te hê.
4. Volgens die kriterium "die verhouding van potensieel Afrikaanssprekende studente (kandidate met matrikulasievrystelling) tot alle matrikulante" sou Afrikaanssprekendes daarop geregtig wees om 6,5 Afrikaanse universiteite uit die 19 residensiële universiteite te hê.
5. Volgens die kriterium "die verhouding van studente wat hul universiteitstudie suksesvol voltooi ('n eerste graad)" sou Afrikaanssprekendes daarop geregtig

wees om 6,5 Afrikaanse universiteite uit die 19 residensiële universiteite te hê.

6. Volgens die kriterium "die verhouding van studente wat nagraadse kursusse voltooi" sou Afrikaanssprekendes op 7,8 van die 19 residensiële universiteite geregtig wees.

## 7 Resultaat

Volgens die kriteria wat hierbo toegepas is, is Afrikaanssprekendes op êrens tussen 2,7 en 7,8 residensiële universiteite geregtig.

Hierdie resultaat moet met minstens twee oorwegings in gedagte toegepas word:

1. Daar was tradisioneel 7 Afrikaanstalige universiteite: Potchefstroom, Vrystaat Stellenbosch, Wes-Kaapland, Port Elizabeth,[5] Randse Afrikaanse Universiteit en Pretoria.
2. Daar is 'n geografiese dimensiie: Afrikaanssprekendes is grootliks vanaf 'n fokuspunt in die suid-weste versprei oor die sentrale en noordelike binneland tot by die tweede fokuspunt in Gauteng. Die grootste konsentrasie in 'n enkele provinsie is in die Wes-Kaap (1 602 000 bo die ouderdom van sestien), gevolg deur Gauteng (1 058 000 bo die ouderdom van sestien). Ongeveer 1,5 miljoen Afrikaanssprekendes woon in die sentrale en noordelike geografiese strook wat tot by Gauteng strek.

In besluite oor die finale getal Afrikaanse universiteite en watter van die huidige residensiële universiteite Afrikaanstalig moet wees, moet die situasie aan elkeen van die tradisioneel Afrikaanstalige universiteite oorweeg word.

## 8 Afrikaans aan Tradisioneel Afrikaanstalige Universiteite

### *8.1 Afrikaanssprekende Studentetalle (2000) en Persentasies*

Die volgende tabel toon die persentasie van Afrikaanssp studente teenoor ander tale vir residensiële studente aan die vyf huidige, tradisioneel Afrikaanse universiteite (syfers is afgerond):

| | % Afrikaanse studente |
|---|---|
| Vrystaat | 28,8 |
| Potchefstroom | 73,9 |
| Pretoria: kontak | 55,9 |
| RAU | 40 |
| Stellenbosch | 60,0 |
| **Totaal:** | **55,6%** |


Hieruit is dit duidelik dat "Afrikaanse" universiteite nou 'n beduidende aantal nie-Afrikaansspr. studente huisves. Die volgende data het op residensiële studente betrekking.

1. Aan die Vrystaatse Universiteit het die getal Afrikaanssp studente van 7 429 in 1995 tot 5 231 in 2000 afgeneem, terwyl die persentasie van Afrikaanssp studente in die ooreenstemmende tydperk van 75,09% tot 51,55% gedaal het.
2. Aan die Universiteit van Stellenbosch het die reële getal Afrikaanse studente sedert 1995 van 10 985 tot 11 699 in 2000 toegeneem, terwyl die persentasie Afrikaanssp studente in die ooreenstemmende tydperk gedaal het van 73,55% tot 60% (53,7% as afstandonderrigstudente ingesluit word).
3. Aan die Vrystaatse Universiteit het die getal Afrikaanssp studente van 7 429 in 1995 tot 5 231 in 2000 afgeneem, terwyl die persentasie van Afrikaanssp studente in die ooreenstemmende tydperk van 75,09% tot 51,55% gedaal het.
4. Aan die Universiteit van Pretoria het die getal Afrikaanse studente van 14 600 in 2000 tot 'n geraamde 16 000 toegeneem. Die persentasie van die Afrikaanssp studente het van 62% in 1997 tot 54% in 2001 gedaal.
5. Vir die Randse Afrikaanse Universiteit moes die syfers vir die residensiële en afstandonderrigstudente rekonstrueer word. Afgesien van die syfers vir 2000 (4 796) en 2001 (4 864), was slegs die persentasies vir die totale studentekorps, waarby afstandonderrigstudente ingesluit is, beskikbaar. Dan het die persentasie van Afrikaanse studente van 50% in 1994 tot 40% in 1999 gedaal.

Die programme vir afstandonderrig aan Afrikaanse universiteite, sowel as die toename in die nie-Afrikaanssprekende residensiële komponent aan hierdie universiteite, veroorsaak 'n dramatiese afname in die persentasie Afrikaansspr. studente aan die tradisioneel Afrikaanse universiteite, terwyl die reële getal Afrikaanssp studente sedert 1997 konstant gebly of selfs ietwat gestyg het.

Die volgende grafiek toon die toename/groei in die getal Afrikaansspr. studente aan die residensiële universiteite van Pretoria, Potchefstroom, Vrystaat, RAU en Stellenbosch (sekere data is onvolledig beskikbaar):

**Afname en Groei van Afrikaanse studentetalle aan vyf Tradisioneel Afrikaanstalige Universiteite**




## *8.2 Strategieë om vir nie-Afrikaanstalige Studente voorsiening te maak*

Afrikaanstalige universiteite het verskillende strategieë ontwikkel om vir nie-Afrikaanssprekende studente voorsiening te maak. Die data beskikbaar is onvolledig, maar sluit die volgende in:

Die **Universiteit van die Vrystaat** en die **RAU** het elkeen 'n volledige parallelmediumbeleid. Lesings word in sowel Afrikaans as Engels aangebied.

Die **Universiteit van Pretoria** is de facto 'n parallelmedium-instelling. Die universiteit se visie en missie bevat geen verwysing na taal nie. Amptelike byeenkomste is tweetalig.

Die **Potchefstroomse Universiteit** is Afrikaans kragtens wet en sy statute. Die universiteit blyk steeds tot hierdie beginsel verbind. Die taal van onderrig is Afrikaans, maar ander tale mag gebruik word as dit na die mening van die senaat noodsaaklik vir doeltreffende onderrig is. Dié beleid word skynbaar tans soos volg toegepas:

- Heeltydse studente op die Potchefstroomse kampus ontvang onderrig in Afrikaans, met bystand aan nie-Afrikaanssprekendes.
- Antwoorde op toetse, eksamens en opdragte mag in Engels ingedien word.
- Op die Vanderbijlpark-kampus mag die lesings in Afrikaans of Engels aangebied word volgens 'n parallelmedium- of 'n dubbelmediumprogram.
- Die telematiese program is slegs in Engels.

Die **Universiteit van Stellenbosch** is as 'n Afrikaanse universiteit aangewys ingevolge 'n wet. In 2000 het die universiteit se raad bevestig dat *"die taalmedium van die universiteit **Afrikaans is**: Op voorwaarde dat ander tale vir onderrig gebruik mag word wanneer dit na die mening van die senaat noodsaaklik vir doeltreffende onderrig is"*. Reëlings sluit in:

- Dit staan studente vry om hul toetse en eksamens in Engels af te lê.
- Vrae in klasse mag in Engels beantwoord word en mondelinge eksamens mag in Engels afgelê word.
- Bystand word verleen aan studente wat nie Afrikaans-moedertaalsprekers is nie sodat dit vir hulle prakties moontlik is om hul akademiese onderrig aan die universiteit te ontvang. Spesiaal-ontwerpte taalprogramme word by die universiteit aangebied.
- Alle fakulteite is gemagtig om op nagraadse vlak reëlings te tref vir die gebruik van die kommunikasietaal wat studente en groepe die beste pas. In praktyk word Engels toenemend hiervoor gebruik.

**8.3 Uitkomste van Strategieë**

'n Volledige taaloudit aan die tradisioneel Afrikaanse universiteite behoort uitgevoer te word om die uitwerking van hierdie beleide en strategieë na behore te ondersoek.

So 'n oudit kan die volgende matriks insluit:

- Die vertikale as dui as tyd van 1995 af aan (die jaar waarin die meeste Afrikaanstalige universiteite 'n steeds groeiende aantal nie-Afrikaanstalige studente begin ontvang en sommige parallel- of dubbelmediumonderrig begin instel het); en

- Die horisontale as op kritieke eienskappe vir universiteite om as Afrikaans te gekwalifiseer: Taalgebruik in fakulteite, op voorgraadse en nagraadse vlak, voertaal in die senaat, die raad, die studenteraad, die amptelike studentekoerant en ander studentepublikasies, die taal van studentevereningings, e.d.m.

| | Graad-kursusse | Nagraads | Senaat | Raad | SR | Studente-publiksies | Studente-verenigings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **UPTA** | | | | | | | |
| 1995 | | | | | | | |
| 2000 | | | | | | | |
| 2005 | | | | | | | |
| **RAU** | | | | | | | |
| 1995 | | | | | | | |
| 2000 | | | | | | | |
| 2005 | | | | | | | |
| **US** | | | | | | | |
| 1995 | | | | | | | |
| 2000 | | | | | | | |
| 2005 | | | | | | | |
| **VS** | | | | | | | |
| 1995 | | | | | | | |
| 2000 | | | | | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2005 | | | | | | | |
| **U Potch** | | | | | | | |
| 1995 | | | | | | | |
| 2000 | | | | | | | |
| 2005 | | | | | | | |

Op die oomblik is slegs gefragmenteerde en anekdotiese inligting beskikbaar. Die praktyk wyk skynbaar dikwels af van die formele beleid. Byvoorbeeld:

- Aan die Universiteit van Stellenbosch word alle klasse in die regsfakulteit reeds in Afrikaans sowel as Engels aangebied. Die voertaal van die konvokasie, die raad en die senaat is Afrikaans. Die studenteraad se voertaal was in 2000 Afrikaans, maar debat is ook soms in Engels gevoer.
- Aan die RAU maak Afrikaanssprekendes slegs 10% van die studente in die departement politieke studie uit. Die lingua franca op die kampus neig na Engels. Navorsingsdosente kla skynbaar oor die las van dubbele onderrig vir dikwels klein Afrikaanse groepe.
- Druk deur sowel dosente as studente neem blykbaar op meerdere kampusse toe om kursusse na Engels-medium oor te skakel. Die neiging is dat vergaderings van sommige Afrikaanstalige universiteite se akademici (uitgesluit gradeplegtighede) meer in Engels gehou word.
- Aan die Potchefstroomse Universiteit word telematiese studiemateriaal in Engels ontwikkel, en Engels word soms elders as alternatiewe onderrigtaal gebruik.

'n Taaloudit van Afrikaanstalige universiteite, soos hierbo voorgestel, behoort beter inligting te verskaf vir tendense wat uit die gefragmenteerde data waarneembaar is. Enkele tentatiewe aanduidings, wat verder ondersoek moet word:

- As 'n "Afrikaanstalige" universiteit geen beleid het wat vereis dat alle studente in staat moet wees om in Afrikaans te kommunikeer nie, ontstaan daar spoedig 'n behoefte aan parallelmediumonderrig. Sodra parallelmediumonderrig gevestig is, word die aandrang op uitsluitlik Engelse onderrig en kommunikasie vir gemeenskaplike aktiwiteite soos vergaderings, publikasies, edm sterker.
- Soos die getal studente toeneem wat in Engels onderrig word, word die druk op Afrikaansspr. studente groter om oor te skakel na Engelsmedium-klasse, aangesien dit die onderriglading van dosente verlig.
- Die tendens neem klaarblyklik toe dat die openbare en amptelike studentebedrywighede aan histories Afrikaanstalige universiteite, soos studente- en SR-vergaderings, die studentekoerant, ens., in Engels plaasvind. Die redes hiervoor lê voor die hand: Afrikaanssprekende studente sal vertroud genoeg met Engels wees om daarin te kan kommunikeer, en as die teenoorgestelde nie vereis word nie, sal alle kommunikasie, selfs in 'n vergadering waar 'n enkele eentalig-Engelssprekende individu aanwesig is, in Engels moet plaasvind.
- Dosente aan parallelmediumuniversiteite vind dit skynbaar toenemend moeilik om met kollegas aan Engelstalige universiteite mee te ding ten opsigte van navorsing, omdat hulle 'n dubbele las moet dra. Dit is moontlik dat die beleid oor parallelmediumonderrig sal lei tot 'n afname in navorsingsuitsette aan Afrikaanse universiteite, of 'n groter las op personeel.

('n Term wat die fenomeen uitdruk is die sg "taalbelasting" agv dubbele klasse.)

- Indien dele van kursusse aan 'n parallelmedium-universiteit aangebied word in een taal, is daardie taal altyd Engels. Dit sal waarskynlik mettertyd daartoe lei dat die oorblywende Afrikaanstalige klasse na Engels oorgeskakel word. 'n Voorbeeld wat aangebied is: By 'n hipotetiese universiteit volg onderskeidelik 100, 60 en 30 studente Sielkunde I, II en III. Omdat die getalle dit toelaat, word die Sielkunde I- en Sielkunde II-klas tussen Engelse en Afrikaanse klasse verdeel. As gevolg van die klein aantal studente in Sielkunde III, word dit slegs in een taal gedoseer, wat noodwendig Engels moet wees omdat sekere studente in die Engelse taalgroep sal aanvoer dat hulle eentalig is. Na 'n jaar of twee besef Afrikaanssprekende studente dat hulle nie die graadkursus in Afrikaans kan voltooi nie en dat hulle na Engelse terminologie en vraestelle sal moet oorskakel twee-derdes deur die graadkursus. Met verloop van tyd kwyn die aantal kandidate vir die Sielkunde I en Sielkunde II wat in Afrikaans aangebied word, totdat hierdie kursusse weens te min studente beëindig word.

## *8.3 Samevatting*

'n Gevolgtrekking uit die voorgaande, wat op onvolledige data berus en in verdere navorsing getoets moet word, is dat parallelmediumonderrig nie te versoen is met die voortbestaan op die lang duur van Afrikaanstalige universiteite nie. Die enigste praktiese oplossing om die voortbestaan van sommige Afrikaanstalige universiteite op lang termyn te verseker, is klaarblyklik om hulle as sodanig aan te wys.

Die demografiese data wat in die eerste afdeling ontleed is, regverdig minstens een Afrikaanse universiteit in elk van die geografiese gebiede wat op die kaart hier bo aangedui is, dus sowat drie.

Geografiese faktore speel 'n rol, en keuses sal gemaak moet word:

- Die universiteite van Stellenbosch en die Wes-Kaapland is in die Wes-Kaap geleë in die geografiese gebied van die grootste konsentrasie van Afrikaanssprekendes.

- Die Afrikaanssprekendes in die sentrale en noordwestelike dele van die land (hou in gedagte dat sowat 600 000 Afrikaanssprekendes in die Oos-Kaap woon) word gedien deur die universiteite van Port Elizabeth, die Vrystaat en Potchefstroom.

- Die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit is geleë in Gauteng – die provinsie met die naasgrootste konsentrasie van Afrikaanssprekendes.

Wat daardie histories Afrikaanstalige universiteite betref wat nie as Afrikaanstalig vir die langtermyn aangewys word nie, sal elke sodanige universiteit seker self wil besluit of hy onmiddellik na volledig Engelstalig oorskakel, en of hy intussen 'n beleid van parallel-mediumonderrig gaan volg. Uit die beskikbare data is dit egter duidelik dat sodanige universiteit op die langer termyn waarskynlik volledig Engelstalig sal word.

## 9 Hoe Afrikaans moet die "Afrikaanstalige Universiteite" wees?

'n Beleid van parallelmediumonderrig verydel op die lang duur die doel van meertaligheid, soos die ontleding hierbo suggereer. Dit word o.m. bevestig in 'n ontleding deur die Franse Kanadees J.A. Laponce[6] van die verskynsel van parallelmedium-gebruik in verenigings en instellings in tweetalige (of veeltalige) gemeenskappe waar een van die tale oorheers.

Hy toon aan dat die taal wat nie as die dominante taal van die staat en die openbare lewe beskou word nie, die dominante taal *binne* die bepaalde instelling word waar strukturele tweetaligheid òf 'n laissez faire-beleid geld.

Die aangewese Afrikaanstalige universiteite moet dus vermoedelik as Afrikaanstalig geklassifiseer word minstens in die opsigte dat:

- Alle residensiële studente 'n gangbare kennis van Afrikaans moet hê, lesings in Afrikaans moet kan verstaan en aan georganiseerde studente-aktiwiteite in die medium van Afrikaans kan deelneem.
- Dosente wat op voorgraadse vlak klasgee, in staat moet wees om in die medium van Afrikaans te onderrig.

Die mikpunt is om te verseker dat die sg. Afrikaanstalige universiteite minstens die volgende kenmerke openbaar: Die konvokasie, raad, senaat, studenteraad en die amptelike studentepublikasies word in Afrikaans bedryf, en voorgraadse onderrig word slegs in Afrikaans aangebied; op nagraadse vlak kan dit waarskynlik verslap word, veral as gevolg van die kleiner getalle wat ter sprake is, en meer internasionale interaksie.

## 10 Gevolge van die Toewysing van Afrikaanse Universiteite

Groot getalle Afrikaanssprekendes belê op groot skaal in opvoeding. In 2000 het hulle sowat R2 827 miljoen aan onderwys bestee, oftewel 26,6% van die Suid-Afrikaanse huishoudelike besteding aan onderwys. Hulle is ook ernstig daaroor dat die onderrigtaal van hul kinders Afrikaans moet wees.[7] Voorts het hulle 'n wesenlike aandeel in hoër onderwys. In 1999 het hulle 34% van alle matrikulasievrystellings uitgemaak. En die 1996-sensus het getoon dat hulle 42% van alle gevorderde grade verwerf het en 37% van alle wetenskap- en tegnologiegrade.

Die toekenning van drie Afrikaanse universiteite sal waargenome persepsies van vervreemding en haweloosheid in die Afrikaanssprekende gemeenskap teenwerk en 'n duidelike boodskap aan die Afrikaanse taalgroep stuur dat die Suid-Afrikaanse regering hul bydrae tot die land waardeer en van hulle verwag om daarmee voort te gaan in die langtermynbelang van die almene gemeenskap.

Deur hulle welkom en tuis in Suid-Afrika te laat voel, kan die versoeking van emigrasie, met beter vergoeding in die buiteland, beter weerstaan word. Dit is veral belangrik in die lig van die hoë persentasie wetenskaplikes in ingenieurs, asook mense met nagraadse kwalifikasies, in daardie gemeenskap.

Op die lang duur is dit in Suid-Afrika se belang om soveel moontlik professionele mense te behou. Die land gaan gebuk onder 'n tekort aan geskoolde beroepslui,

430. E6. 1.1

veral op IT-gebied (waar Afrikaanstaliges op 25 000 uit 'n poel van 50 000 landwyd geskat word).[8] Hierdie tekort word deur die uittog van breinkrag vererger.[9]

Die langtermynskade aan die land weens die verlies van sy vaardigheidsbasis is toenemend ernstig, veral in 'n globale ekonomie waar minerale en grondstofbronne minder belangrik raak as intellektuele bate. Sonder Afrikaanssprekendes die getal ingenieurs en wetenskaplikes per miljoen van die Suid-Afrikaanse bevolking in 1996 1 458 in plaas van die werklike 1 969 sou gewees het – 'n verskil van 26%.

Die aanwysing van Afrikaanstalige universiteite vir die langtermyn sal 'n sterk boodskap aan Afrikaanssprekendes stuur dat hulle welkome en gewaardeerde burgers is en dat daar geen plan is om hulle te probeer verengels nie.

---

1 BMR 2000.
2 Impak-inligting en Strategiese Diagnostiek, 2001.
3 Prof. S van den Berg: Saamgestel uit 10%-monster, 1996-sensus, 1997-skoledatabank van die nasionale Departement van Onderwys, ongepubliseerde inligting van die NIOP (Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplannning) en Wes-Kaapse Onderwysdata.
4 Prof. S van den Berg: Saamgestel uit 1996-sensusdata, ongepubliseerde materiaal van die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning, Vrystaatse Universiteit, data van nasionale Departement van Onderwys en die Wes-Kaapse Onderswysdata.
5 Port Elizabeth ingesluit by die 1999-RHO-verslag.
6 J.A. Laponce, *Language and their territories,* University of Toronto, 1987.
7 Impak-inligting en Strategiese Diagnostiek, 2001.
8 Business Day, 01/03/2001.
9 J-B Meyer et al. *Assessing the South African brain drain.,* Development Policy Unit at the Universiteit of Cape Town, Julie 2000.

Saamgestel deur dr Bertie du Plessis
Mindpilot
Tel: (012) 460.1777
Faks: (012) 348.8807